


# FAMILIENUUS — SONDAG 22 Februarie 2026

| 08:00 & 10:00 | 18:00 |
|---|---|
| **Prediker:** Ina Steyn<br>**Skrif:** Markus 1-2<br>**Tema:** Jesus lei Sy dissipels op | **DANKDIENS BY ATKV AMFITEATER HARTENBOS** |

## KATEGESE

**3jr - Gr R: 10:00 Kleuterkerk** (kleuters sit by ouers tot en met Kindertyd en beweeg daarna uit na hul klassie, lokaal 7)

**Gr 1 – 3: 08:50 in Borrelklub**

**Gr 4 – 6: 09:00 in Klipkerk**

**Gr 7 – 11: 18:00 Dankdiens by ATKV amfiteater**

Ons verwelkom vir Ina Steyn, wat vandag die oggend-eredienste gaan lei.
Vandag is jou geleentheid om jou geloofsofferbelofte biddend te oorweeg en o.a. met gebed en finansieel, die werk te ondersteun.
Ons nooi jou om na afloop van die erediens koffie of tee en verversings in die Klipkerk te kom geniet met 'n insiggewende uitstalling van ons sendelinge en getuienisprojekte.

## PREDIKANTE

| Henri Meyer | Pierrié Kies | Dean Bentley |
|---|---|---|
| 083 455 6940 | 076 110 4202 | 084 782 4595 |
| henri@ngmosselbaai.co.za | pierrie@ngmosselbaai.co.za | dean@ngmosselbaai.co.za |

**NUWE LIDMATE: Baie hartlik welkom in ons Christus-familie!**
Meld asseblief aan by die Nuwelidmaatbedieningslede in die kerkgebou se voorportaal.

www.ngmosselbaai.co.za — ngmosselbaai — "Like" ons om lid te word en op hoogte te bly

# AKTIWITEITE VIR DIE WEEK

| | | |
|---|---|---|
| **MAANDAG**<br>23 Februarie | | 18:00 Sendingweek |
| **DINSDAG**<br>24 Februarie | 10:00 Bybelstudie vir vroue | 18:00 Sendingweek |
| **WOENSDAG**<br>25 Februarie | 11:00 Bybelstudie vir seniors | 18:00 Sendingweek |
| **DONDERDAG**<br>26 Februarie | | 18:00 Kerkraad |
| **VRYDAG**<br>27 Februarie | 06:00 Wild@Heart Mannegroep | 10:00 Kruisvrouekomitee |

## PASTORALE SPREEKKAMER

Die pastorale spreekkamer bied 'n veilige toevlugsoord vir mense met neerslagtigheid, persoonlike krisisse, familieprobleme, verhoudingsprobleme, huweliksprobleme, geloofsprobleme, werkskrisisse, rousmart, ens.

Mense wat terapeutiese hulpverlening benodig, kan met vrymoedigheid 'n afspraak maak by Dr. Ben Joubert 082 921 0348.

## GEBEDSBROKKIES

Die Here is die Een wat voor jou uitgaan; Hy is by jou, Hy sal jou nie in die steek laat en jou nie verlaat nie. Moenie bang wees nie en moet jou nie laat afskrik nie.
Deuteronomium 31:8

Here, hou ons elke dag so wakker in die uitvoering van die pligte waartoe U ons roep dat ons elke aand in Vrede kan gaan slaap en kan wakker word in U glorie.
JOHN DONNE

## BRILLE VIR HERWINNING

Ondersteun asb hierdie projek. Bring enige ou en bruikbare (heel) brilrame wat weer vir ander herstel en gebruik kan word.

## GEBEURE 1STE KWARTAAL

- 22 – 25 Feb: Getuienisweek met Ina Steyn
- 6 Maart: Wêreldbiddag vir Vroue (08:00)
- 6 Maart: Borrelklub Tentjie-aand (17:00)
- 7 Mrt: Kruisvroue: Pitkos met my vriendin (10:00)
- 12 Maart: Opskoppers se Doekedans (18:00)
- 15 Maart: Gemeentebraai (12:00)
- 22 Maart: Ds Pierrié se afskeidspreek
- 28-30 Mrt: #Imagine

## #IMAGINE - 28-30 MAART 2026

Gemeentes dwarsoor die Wes- en Suid-Kaap bring groepe tieners, met hulle leiers, na die #Imagine-fees, te Bredasdorp.
Tieners van diverse agtergronde, tale en denominasies word almal verwelkom.
Almal kamp in tente – seuns en meisies in aparte areas, maar saam met hulle gemeenteleiers. Etes word voorsien.
'n Naweek van groei en viering wat tieners se geloof in Jesus, asook hulle roeping om 'n verskil te maak, wil versterk. Sessies met lof en aanbidding, sprekers, gebedstasies en groeptyd asook werkswinkels en hope pret!
Kontak asb vir ds. Dean vir inskrywingsvorms en navrae.

## GEMEENTEBRAAI

Ons gemeentebraai vind plaas op Sondag 15 Maart 2026.

Nooi vriende en familie en kom kuier saam met ons op die grasperk, terwyl die vleis vir jou gebraai word!

Bring net eie bykosse en eetgerei.

Kaartjies kos R80 per persoon wat 'n skaaptjop, hoendersosatie en 'n stuk wors insluit. Vir die kinders is daar boereworsrolle teen R30.

Kaartjies is by die kerkkantoor te koop beskikbaar.

## WÊRELDBIDDAG VIR VROUE

2026 se tema is **'Kom, Ek sal jou rus gee'**. Die program is saamgestel deur vroue van Nigerië.

**Wêreldbiddag vir Vroue** word vanjaar op **6 Maart 2026** gehou.

Dit bly 'n besondere voorreg om te weet dat vroue regoor die wêreld, in verskillende lande op hierdie dag in gebed rondom 'n gemeenskaplike tema verenig word. Vanjaar se tema bring troos in 'n tyd waarin mense wêreldwyd onder swaar laste gebuk gaan.

Ons bied vanjaar se diens in ons kerkgebou aan om 08:00.

## AMANDELBOORD VRYWILLIGERS

Die Amandelboordbediening poog om al ons lidmate ouer as 85 op 'n gereelde basis te besoek en om hulp te verleen waar moontlik. Ongelukkig het daar a.g.v. wisseling 'n tekort aan vrywilligers ontstaan en wil ons 'n spesiale beroep aan die gemeente doen vir vrywilligers om hulle beskikbaar te stel vir die besoeke aan eensame en enkel senior persone in die Gemeente.

Kontak asb vir Lizelle Vorster (083 268 4291) indien jy kan help.

## PITKOS VIR MY VRIENDIN

Kom geniet 'n vrolike damesoggend gevul met musiek, inspirasie en kuiertyd saam met vriendinne.

Ons gasspreker vir die oggend is Nickey Ras.

Saterdag 7 Maart 2026 - 10:00 tot 13:00 in die Klipkerk.

Kaartjies kos R120 en is by die kerkkantoor te koop.

## OPSKOPPERS INISIATIEF

Die gemeente word almal gevra om by hierdie besondere fondsinsameling vir volwasse doeke betrokke te raak.

Daar word **'n DOEKEDANS op Donderdag, 12 Maart 2026 om 18:00** op die kerkterrein aangebied.

Waarom "Doekedans" ? Om finansies vir doeke wat so duur geraak het in ouetehuise in te samel…. én daar gaan ge-lyndans word !!

Die koste daaraan verbonde is R180 per persoon. Dit sluit jou donasie van TIEN doeke in (wat die kerk in grootmaat sal aanskaf), asook 'n heerlike "Bou jou eie burger" braai. Al die bestanddele sal verskaf word….bring slegs jou eie drinkgoed en glase saam…en natuurlik jou dansskoene !!

Bespreek nou reeds vir jou sitplek by die kerkkantoor.

Sluitingsdatum: Maandag 9 Maart 2026 om 10:00

## KOMMUNIKASIE NA DIE GEMEENTE

Om deel te word van die gemeente se Whatsapp-groep, gebruik asb die QR kode of stuur jou naam en nommer vir Corné (083 964 6368) om jou by te voeg.

## GEBEDSLYS

Siekes, verswaktes en mense in ouetehuise; **Brenda van Zyl,** heupvervanging (Francois 082 330 4286); **Nancy Ekkerd** (082 823 0424); **Nico Koen**, herstek na operasie (Helene 084 906 0915); **Salomé Annandale,** hospitaal, (082 774 1250); **Marietjie Albrecht,** herstel na beroerte (Greg 083 250 1112); **Jan Steyn**, kanker (Lynette 083 627 1294); **Leon Coetzee**, longkanker (082 578 1222); **Phillip-Neil Albertyn**, kanker (083 321 6534); **Linda Marx**, kanker (083 725 4556); **Percy van Schalkwyk**, hart, (Heather 072 225 9177); **Hans Szewzyk**, kanker (Marie 082 202 2352); **Belinda Boshoff**, M.S. (Louisa 083 750 8607).

*Laat weet asb 'n leraar van jouself of iemand anders wat gebede benodig. Ons wil graag ondersteun met gebed, oproepe of moontlik 'n besoek.*

## GEDENKMUUR

Kontak gerus die Kerkkantoor indien jy 'n nis in die gedenkmuur wil bekom. Die koopprys beloop R5 950 vir lidmate en R6 950 vir nie-lidmate. Aansoekvorms, asook 'n sketsplan van nisse, is by die kerkkantoor beskikbaar.

## WESKAAP SINODE KOMMUNIKASIE

Lees 'n aanlyn weergawe van **Kerkbode** by: https://kerkbode.christians.co.za/e-koerant/

Die **Vrydagnuus** is die amptelike nuusbrief van die NG Kerk Wes-Kaapland. Om in te teken om die nuusbrief per epos te ontvang gaan na https://kaapkerk.co.za

## FINANSIËLE BYDRAES

**Vir dankoffers & spesiale projek bydraes:**
NG Kerk Mosselbaai,
ABSA – 2070580023
(Verwysing: naam/projek)

**Vir sendingbydraes:**
GO NG Kerk Mosselbaai,
ABSA spaar – 9305467263;
Takkode: 632 005

Snap here to pay
SnapScan

## BEDIENINGS

**VOORSITTER:** Cobus Coetzee, 082 453 3305
**ROEPING:** Ben Joubert 082 921 0348
**AKSIE SAMARITAAN:** Johan Meyer, 082 772 5490
**DIAKONIE:** Koos Crause, 083 229 1178
**EIENDOMME:** Willem Knoetze, 082 408 6769
**EREDIENS:**
**FINANSIES:** Chrisjan van der Merwe 082 570 0065
**FAMILIE:** Jacques le Clus, 073 172 8424
**GETUIENIS:** Herman van Huyssteen, 083 393 3760
**OMGEE:** We-Nita Joubert, 082 414 5608

- Tehuise: Frieda Marais, 073 306 0703
- Eenique: Ananda Wessels, 083 480 9653
- Deernis: Krista de Bruyn, 083 692 0843
- Kruisvroue: Orna Snyman, 083 279 1660

**SENIORS:** Jan de Witt 082 695 3672

- 85+: Lizelle Vorster, 083 268 4291
- Opskoppers: Jan de Witt, 082 695 3672

**GEBED:** Alta van Zyl, 083 257 3884
**DVK:** Kobus Weideman 082 807 5154
**NUWE LIDMATE:** Frank Tomas, 083 388 3657
**GASVRYHEID:** Petro Proudfoot, 082 775 3473
**KOMMUNIKASIE:** Dean Bentley
**BASAAR:** Louwrens de Wet, 083 308 4463

## KERKKANTOOR – 044 691 2465

*Kantoorure: Maandag – Vrydag 08:00 tot 14:00 & Sondagoggend na die eredienste.*

**Admin. Beampte (Skriba):**
Corné Human: 083 964 6368
e-pos: admin@ngmosselbaai.co.za
**Finansiële beampte (Kassier):**
Deleen Jansen van Vuuren: 084 586 6422
e-pos: finansies@ngmosselbaai.co.za
**Koster:**
Johann Rossouw: 076 582 0619
**Musiekleier:**
Franco Engelbrecht: 079 926 1818
**Pastorale terapeute:**
Ben Joubert: 082 921 0348
Elize Barnardt: 082 829 8133
Cindy Gribble: 078 987 2127
**Pastorale werker (Ouetehuise):**
Henk Brits: 082 855 7136